GRAAD 10-12 EKSTRA
TAALAANTEKENINGE

- **GEBRUIK DIE NOTAS WANNEER JY EEN VAN DIE VOLGENDE TAALASPEKTE WAT HIERONDER AANGESPREEK WORD TEëKOM.**

1. **WOORDEBOEKVERKLARING**

Dit kan op drie maniere gevra word bv.

kwaad·aar·'dig

- Jy kry 'n verduideliking van die woord: 1. boosaardig/nydig en vyandelik 2. gevaarlik, kankeragtig 3. sleg/verkeerd.
  Kyk na die volgende sin en sê watter verduidelik inpas om die sin te beskryf. Die dokter het gister 'n kwaadaardige gewas ontdek. Die antwoord is dan nommer 2, want dit verduidelik dat die gewas kankeragtig is.
- Jy kan gevra word om die lettergrepe aan te dui en dit word deur die · gedoen. Jou antwoord is dan: kwaad / aar / dig.
- Jy kan gevra word op watter lettergreep die klem val en dit word aangedui deur die ′. Jou antwoord is dus aar.
-

2. **VAS EN LOS SKRYF VAN WOORDE**

Die volgende woorde word vas geskryf:

- **Samestellings wat twee of meer soortname (common nouns) het bv. skoolboek, hawermoutpannekoeke, voordeurmat.**
- **Intensiewe vorme Bv. springlewendig, vuurwarm.**
- **Adjektiewe wat nie verbuig word nie bv. hoogoond, laagwater.**
- **Woorde wat soorte aandui bv. rooimier, geelwortel, kortverhaal.**
- **Saamgestelde werkwoorde wat *ge* tussen die twee dele het bv. gelukgewens, opgekom.**
- **Geografiese eiename bv. Oranjerivier, Seepunt, Vishoek.**
- **Atyd vas: goeiemôre, goeienaand, buitentoe, vorentoe, agtertoe, vieruur, sewe-uur, tienrandnoot, dieselfde, baiekeer.**
- **Woorde wat vas of los geskryf kan word is straatname bv. Pretoriusstraat / Pretorius straat Of eiename bv. Victoria hospitaal / Victoria-hospitaal / Victoriahospitaal.**

3. **DIE DEELTEKEN**

Die deelteken verdeel woorde in lettergrepe en wys waar die nuwe lettergreep moet begin bv. ko –ö-pe-ra-sie, dro – ë, pos – se-ël.

4. **DIE KAPPIE**

Die kappie kom op lang uitgerekte vokale bv. sê, belê, pêrel.
Die volgende woorde kry nie 'n kappie nie: kombers, vlermuis, ster, stert, pens, biokot, toiings.

5. **DIE KOPPELTEKEN**
   - Opeenhoping van vokale bv. eende-eier, twee-uur, video-opname.
   - Verdubbeling bv. lag-lag, gou-gou.
   - Samestellings met en verbind bv. kaas-en-wyn-partytjie.
   - Saamgestelde titels bv. sersant-majoor.
   - Geografiese name bv. Suid-Afrika, Noordoos-Vrystaat.
   - Samekoppelings wat een idee vorm bv. piet-my-vrou, een-twee-drie.
   - Samestellings met –hulle bv. pa-hulle, my oom-hulle.
   - Woorde van Latynse afkoms bv. bona fide-boer, ad hoc-komitee.
   - Dubbelloopname bv. Hans-Peter
   - Weglaattekens waar die laaste deel van ‘n woord net een keer genoem word bv. seuns-en meisiesklere.
   - Samestellings met afkortings, simbole, syfers en getalle: B-mol, TV-program, 5 kg-pak, X-straalplate.
   - Lang samestellings bv. atletiekstadion-verbeterings.
   - Samestellings met eiename bv. Comore-eilande.

6. **AFKAPPINGSTEKEN**
   - By meervoude en verkleining van woorde wat op *i,o,u en ‘n beklemtoonde a* eindig bv. taxi’s / taxi’tjie; pa’s /pa’tjie.
   - By meervoude en verkleining van woord wat op ‘n *e of s* eindig wat nie in die enkelvoud uitgespreek word nie bv. creche > creche’e > creche’ie; Marais > Marais’s > Marais’tjie.
   - Die volgende woorde kry nie afkappingstekens nie: oupas, oumas, paddas, babas, kameras.

7. **DIREKTE EN INDIREKTE REDE**
   - Onthou die tyd bly dieselfde.
   - As ons die indirekte rede gebruik verander die voornaamwoord:

Ek, jy	Hy of sy Hy vir manlik en sy vir vroulik.
my	Sy (manlik) haar (vroulik)
Ons, julle	Hulle
Myne, joune	Syne (manlik) hare (vroulik)
Ons s’n, julle s’n	Hulle s’n

   - Bywoorde van tyd en plek verander in die indirekte rede:

vandag	Daardie dag
vanjaar	Daardie jaar
Volgende jaar	Die jaar daarna / die volgende jaar
Volgende week	Die week daarna/die volgende week
môre	Die volgende dag
gister	Die vorige dag
verlede jaar	Die vorige jaar
oormôre	Twee dae later
eergister	Twee dae tevore
nou	Toe

hier	Daar
hierheen	Daarheen
hiernatoe	Daarnatoe
kom	gaan

- Uitroepe moet omskryf word:

Eina	Met ‘n uitroep van pyn
O aarde	Ontsteld
Ag nee	Moedeloos/teleurstelling
Jou duiwel	Woedend
hoera	Opgewonde
Alla wêreld	Met verbasing
Ag siestog	Met simpatie
O genade	Met verwondering
Foeitog	Met simpatie/jammerte
Liewe hemel	Met verbasing

8. **ONTKENNENDE VORM**
   - Kort enkelvoudige sinne in die teenwoordige tyd kry net een nie bv. Sy lag > sy lag nie.
   - Meer woorde as ‘n Subject en verb dubbel negatief Bv. Hy slaap op ‘n bed > Hy slaap nie op ‘n bed nie.
   - Bevele bv. Skryf die brief dadelik > Moenie die brief dadelik skryf nie.
   - As asseblief bykom verander die negatief bv. Praat asseblief sagter > Moet asseblief nie sagter praat nie.
   - Let op die volgende: Is hulle al hier? > Is hulle nog nie hier nie; Sy sal nog kom > Sy sal nie meer kom nie; Het jy haar al ooit ontmoet? > Het jy haar nog nooit ontmoet nie; Die spel het alreeds begin > Die spel het nog nie begin nie; Hy eet altyd baie > Hy eet nooit baie nie.
   - Of hulle of hulle ouers sal betaal > nog hulle nog hulle ouers sal betaal (geen nie aan die einde nie)
   - As hy werk kry hy betaling > As hy nie werk nie kry hy nie betaling nie; Anna gaan saam omdat sy siek is > Anna gaan nie saam nie, omdat sy siek is; Ek gaan daar eet omdat hulle my gevra het > Ek gaan nie daar eet nie, omdat hulle my nie gevra het nie; Hy het gesê hy sal kom > Hy het gesê hy sal nie kom nie.
   - Hoofsin en bysin en net hoofsin is negatief moet tweede nie aan einde geplaas word bv. Hy is bang dat hy sal druip > hy is nie bang dat hy sal druip nie.

9. **MEERVOUDE**
   - Kort vokaal verdubbel konsonant bv. kop > koppe, ster > sterre.
   - Twee vokale, een val weg en e aan einde bv. maan > mane, muur > mure.
   - Dubbel vokaal ie kry woord e aan einde bv. tier > tiere.
   - Dubbel konsanant kry woord e aan einde bv. vark > varke.

- Woord eindig op ig kry –te aan einde bv. gesig > gesigte.
- Woorde wat –ers aan einde kry: kind > kinders, kalf > kalwers, lam > lammers.
- Woorde wat op og eindig g val weg en kry ë: oog > oë, boog > boë.
- Woorde wat op ag eindig kry e aan einde bv. vraag > vrae, dag > dae.
- Woorde wat ë kry: vlieg > vlieë, ploeg > ploeë.
- Woorde wat op f eindig na ‘n kort vokaal kry ww aan einde : gif > giwwe, stof > stowwe
- Dubbel vokaal en woord eindig op f of enkel vokaal en dubbel konsonant, kry we aan einde: stoof > stowe, verf > verwe.
- Woorde wat op –heid eindig kry – hede: besigheid > besighede.
- Woorde wat op ing eindig kry s bv. koning > konings.
  UITSONDERING: leerling > leerlinge.
- Meerlettergrepige woorde kry s bv. motor > motors, ouer > ouers.
- Woorde wat op ie eindig kry s: baadjie > baadjies, katjie > katjies.
- Woorde wat op man eindig: Engelsman > Engelse, buurman > bure, polisieman > polisie.
- Woorde wat –ens kry: bad > baddens, gevoel, gevoelens, lewe > lewens, wa > waens.
- Woorde wat op –uig eindig kry e en g val weg bv. vliegtuig > vliegtuie, vaartuig > vaartuie.
- Woorde wat op us eindig kry se of ci aan einde: medikus > medikusse / medici.
- Sekere woorde kry te aan die einde bv. bees > beeste, toeris > toeriste, tydskrif > tydskrifte, nes > neste, prefek > prefekte.
- Letters van die alfabet a > a’s, m > m’e n >n’e en X > x’e
- Uitsonderings:

Bevel > bevele
Blad > blaaie
Brug > bruê
Eetding > eetgoed
Gat > gate pad > paaie
Glas > glase
Hemp > hemde
Tyd > tye
Spel > spele
Stad > stede
Skip > skepe
Hof > howe
Lid > lede
Rug > rûe
Nag > nagte

10. **VERKLEINING**

- Kort vokaal+ k, p, g, s kry ie bv. kop > koppie, kas > kassie.
- Twee vokale een val weg kry ie: aap > apie

- Dubbel vokale/konsonante: neus > neusie, vurk > vurkie
- Kort vokaal + m: kam > kammetjie, som > sommetjie
- Kort vokaal + r: kar > karretjie, nar > narretjie.
- Kort vokaal + n: man > mannetjie
- Lang vokaal + n: skoen > skoentjie
- Kort vokaal + l:vel > velletjie.
- Lang vokaal, dubbel konsonant, 2 en meer lettergrepe + m: besem > besempie, bruidegom > bruidegompie.
- Dubbel vokaal of 2 lettergrepe+ r: venster > venstertjie
- Enige woord wat op ‘n t eindig kry tjie: boot > bootjie.
- Enige woord wat op ‘n d eindig kry ‘n jie: potlood > potloodjie.
- 1 Lettergreep wat op ing, ang of ong eindig kry etjie: long > longetjie.
- Twee of meer lettergrepe +ing kry kie aan einde: garing > garinkie, koning > koninkie.
- Woorde wat op ie eindig kry tjie: mandjie> mandjietjie.
- Letters van die alfabet kry ‘tjie: a’tjie. UITSONDERING: f > f’ie.
- Meervoude: honde > hondjies, bome > boompies.
- Uitsonderings:

Blad > blaadjie
Gat > gaatjie
Nooi > nooientjie
Pad > paadjie
Spel > speletjie
Vat > vaatjie
Wa > waentjie.

11. **GESLAG**

FAMILIE	
ma	pa
man	Vrou
kleinseun	Kleindogter
heer	Dame
kêrel	Nooi
neef	Niggie
bruidegom	Bruid
oom	Tante
swaer	Skoonsuster
gasheer	Gasvrou
meneer	Mevrou/mejuffrou
broer	suster
seun	Meisie
seun	dogter
IS > ESSE	
sekretaris	Sekretaresse
ES	

sanger	Sangeres
prins	prinses
onderwyser	onderwyseres
IN	
kelner	Kelnerin
koning	koningin
STER	
tikker	Tikster
skrywer	Skryfster
TRISE	
akteur	Aktrise
redakteur	Redaktrise
E	
eggenoot	Eggenote
prinsipaal	prinsipale
TE	
orrelis	Orreliste
joernalis	joernaliste
ONTHOU	
towenaar	heks
monnik	non

12. **VOORNAAMWOORDE**
    - **Persoonlik:** Word in die plek van mense se name gebruik bv. Ek het jou geroep; Verstaan u; Hy en sy kom ons besoek.
    - **Besitlik:** my boek – die boek is myne, jou / joune; haar / hare ; sy / syne; dit is ons kar > die kar is ons s'n; julle / julle s'n ; hulle / hulle s'n. U word net vir ouer mense in belangrike posisies gebruik – baie formeel.
    - **Betreklik:** Die meisie wat gewen het, is bly. WAT word gebruik as na 'n persoon, dier of lewelose voorwerp verwys word en geen voorsetsel na die persoon verskyn nie. Borde waaruit hulle eet, gat waardeur die muis gaan, mes waarmee ek sny. MAAR Die meisie op wie ek verlief is. WIE word gebruik as daar 'n voorsetsel na die persoon gegee word.

Van wie	Of whom
Aan wie	To whom
Op wie	On whom
In wie	In whom
Sonder wie	Without whom
By wie	With whom
Met wie	To whom
Vir wie	To whom
Wat + van	Waarvan
Wat+aan	Waaraan
Wat+op	Waarop
Wat+in	Waarin

Wat+sonder	Waarsonder
Wat+by	Waarby
Wat+met	Waarmee
Wat+vir	Waarvoor
Dit+in	Daarin
Dit+met	Daarmee

- **Vraend:**

- Wie het die sleutels? Wie se sleutels is dit? Wie s'n is dit? Vir wie het jy dit gegee? Watter, waar, hoe, hoekom, waarom, waarin ens.
- Saam met 'n mens gebruik mens altyd die woord jy of jou bv. 'n Mens moet jou familie ken en jy weet dat jy dit kan regkry.
- Alle lewelose voorwerpe soos skepe, motors, lande kry manlik bv. die skip het met sy bemanning gesink.
- Lewelose items soos penne, boeke en skoene kry manlik bv. Waar is my pen ? Ek het hom seker verloor.
- Hy is 'n vriend van my (nie myne nie)
- Gebruik van self: Word net gebruik as daar verwarring (confusion) kan wees bv. Die kindjie is twee jaar oud, maar kan haarself al help.
- Let op: Hy gedra hom, Jy geniet dit, Sy skaam haar.
- Doen dit self (nie jouself nie)

13. **ADJEKTIEF / BYVOEGLIKE NAAMWOORDE**

- Voor die selfstandige naamwoord bv. Die oulike meisie help my. Na die selfstandige naamwoord bv. Die meisie is oulik.
- 'n e word aan die adjektief geplaas as dit meer as een lettergreep het en voor die selfstandige naamwoord staan.
- As die woord op 'n d eindig kry dit 'n e-uitgang bv. Goed > goeie, dood > dooie.
- As die woord op 'n f eindig kry dit 'n we-uitgang bv. Doof > dowe.
- As die woord op 'n g eindig kry dit 'n ë – uitgang bv. Droog > droë.
- Sag > sagte
- As die woord op 'n k eindig verbuig die woord bv. Lank > lang en jonk > jong.
- 'n Byvoeglike naamwoord kan letterlik of figuurlik gebruik word bv. Die glas breek (letterlik) en Hy breek my hart (figuurlik)

14. **TRAPPE VAN VERGELYKING**

STELLENDE TRAP	**VERGROTENDE TRAP**	**OORTREFFENDE TRAP**
	-er / meer (hoe/as)	**-ste / mees (die)**
goed	beter	Beste
baie	meer	**Meeste**
weinig	**minder**	**Minste**
Min	**minder**	**minste**
groot	**groter**	**Grootste**

oud	**ouer**	**Oudste**
interessant	**interessanter**	**Interessantste**
boos	**boser**	**Boosste**
slu	**sluwer**	**Sluuste**
ru	**ruwer**	**Ruuste**
tevrede	**meer tevrede**	**Mees tevrede**
opgewonde	**meer opgewonde**	**Mees opgewonde**

15. **INTENSIEWE VORME**

Word altyd as een woord geskryf. Dit is baie+byvoeglike naamwoord om intensief te vorm.

BAIE	
nodig	Broodnodig
beroemd	Wêreldberoemd
vars	Kraakvars/neutvars
Jonk	Bloedjonk/piepjonk
oud	Stokoud
nuut	Splinternuut
swak	Kuikenswak
moeg	Doodmoeg
fris	Perdfris
vreemd	Wildvreemd
mak	Hondmak
skoon	Silwerskoon/beeldskoon
duur	Peperduur
lig	Veerlig
goedkoop	Spotgoedkoop
oop	Wawyd oop
kwaad	Smoorkwaad
dronk	Smoordronk
swaar	Loodswaar
lelik	Skreeulelik
dun	Plankdun/papierdun
koud	Yskoud
warm	Vuurwarm
vet	Spekvet
maer	Brandmaer
ernstig	doodernstig
droog	Kurkdroog
krom	Hoepelkrom
mooi	Popmooi
maer	Brandmaer
arm	Brandarm
snaaks	Skreeusnaaks

nat	Papnat / sopnay
reguit	Pylreguit
swart	Pikswart
wit	Spierwit
geel	Goudgeel
blou	potblou
groen	Grasgroen
rooi	bloedrooi

16. **SAAMGESTELDE WERKWOORDE**
Bestaan uit twee dele wat aanmekaar gelas word om een werkwoord te vorm bv. Gelukwens, uithardloop, omring, onderteken.

17. **DEELTJIEWERKWOORDE**
In (deeltjie) + sluk (werkwoord)
- Hy trek sy baadjie uit > Hy het sy baadjie uitgetrek > Hy sal sy baadjie uittrek.

18. **ONSKEIBARE SAAMGESTELDE WERKWOORDE**
- Hy omhels sy ma > Hy het sy ma omhels > Hy sal sy ma omhels.
- Ander onskeibare werkwoorde:

Onderteken, oordryf, weerkaats, aanvaar, oortuig, oorwin, voltooi, volhard, ondervra, ondersoek, oornag, voorspel, onderstreep, onderdruk, oorleef, ooreet, omring.

19. **TEENWOORDIGE DEELWOORD – NB!!!!**
- Dit word gevorm deur –end(e) en –de agteraan die werkwoord te voeg.
- de word net by die werkwoorde doen, gaan, sien en staan en hul afleidings gebruik bv. Doen > doende / voldoende; gaan > gaande / verbygaande; sien > siende / versiende; staan > staande / bestaande.
- -ende by ander werkwoorde soos huilende, lopende, blaffende
- Na 'n selfstandige naamwoord –end soos die werk is afmattend, die vrou is verwagtend, kokend ens.

20. **VERLEDE DEELWOORD-NB!!!!**
SWAK VERLEDE DEELWOORD
- Voor die selfstandige naamwoord kry dit – de, -te of –e bv. Gekookte, gebraaide, verbrande.
- -te word agter aan 'n woord wat op k/p eindig gedoen bv. Geskinkte tee, geskopte bal.
- -te of –de agter aan 'n woord wat op f/g/s eindig bv. Gesifte/gesifde meel; verligte / verligde gebied; geposte/geposde brief.
- -de word agteraan gevoeg as dit op enige ander letter eindig bv. Verlamde, versteurde, bewoonde, verdwaalde.
- -e word agteraan gevoeg as die werkwoord op d of t eindig bv. Gestrande, verbrande, gesoute, gehate.

STERK VERLEDE DEELWOORD-NB!!!!

Eindig almal op –e. Die vokaalklank in die woorde verander.

breek	Gebroke hart	Gebreekte glas
bederf	Bedorwe kinders	Bederfde vrugte
span	Gespanne aandag	Gespande draad
opwen	Opgewonde seun	Opgewende horlosie
slyp	Geslepe skelm	Geslypte glas
buig	Geboë hoof	Gebuigde paal
aflê	Afgeleë dorp	Afgelegde reis
opskiet	Opgeskote seun	
betrek	Betrokke lug	
swel	Geswolle hoof	Geswelde vinger
besuip	Besope man	
voorskryf	Voorgeskrewe boek	
aanneem	Aangenome kinders	
vries	Bevrore groente	
doen	Gedane sake	
kies	Gekose lede	
sweer	Geswore vriende	
gee	Gegewe woord	

21. **VASTE IDIOMATIESE UITDRUKKINGS**

Doen aansoek om 'n betrekking
Moenie die eksamen uit die oog verloor nie
'n bohaai maak
By jou 'n draai maak
Trek party vir iemand
Julle moet julle litte roer
Neem jou toevlug tot jou ouers
Kan baie skade aanrig
Die kaptein neem die voortou
Weerstand bied
Jy moet jou man kan staan
Gaan nie deelneem nie, gaan kop uittrek
Melding maak
Inligting oor die saak inwin
Moenie tou opgooi nie

22. **SAMESTELLING**

lewe	**skets**	**Lewenskets**
lewe	**geskiedenis**	**Lewensgeskiedenis**
skip	**reis**	**Skeepsreis**

volk	**lied**	**Volkslied**
kind	**kamer**	**Kinderkamer**
reus	**boom**	**Reuseboom**
Kop	**ent**	**Koppenent**
eet	**tyd**	**Etenstyd**
seun	**skool**	**Seunskool**
meisies	**skool**	**Meisiesskool**
klas	**kamer**	**Klaskamer**
jas	**sak**	**Jassak**
vrou	**saal**	**Vrouesaal**
man	**moed**	**Mannemoed**
lid	**tal**	**Ledetal**
bed	**goed**	**Beddegoed**
lap	**pop**	**Lappop**

23. **AFLEIDING**

By 'n werkwoord voeg jy 'n prefiks of 'n suffiks om 'n ander woord te vorm.

- Prefiks (voorvoegsels):

Onmoontlik (on = nie)
Ontwater (ont=weg)
Herken (her=weer)
Verkort (om korter te maak)
Mishandel (mis=verkeerd)
Begaan (be= laat)
Ont – to take away
On – not.

- Suffiks (agtervoegsels)

Eetbaar (edible)
Spelerig (playful)
Moedeloos (discouraged)
Verskoning (apology)
Sieklik (sickly)
Gelukkig (happy)
Kinderagtig (childish)
Nog voorbeelde: breedte, wydte, diepte, hoogte, lengte, grasieus, inspekteer, tweeling, bedelaar, bloemis, fabrikant.

24. **VERANDERING VAN 'N STAMVOKAAL**

sing	Sang
sluit	Slot
help	Hulp
skiet	Skoot / skut
drink	Drank / dronk
dink	Dunk
sny	Snit
geniet	Genot

bedrieg	Bedrog
ry	Rit
vlieg	vlug

25. **TELWOORDE**

- Hooftelwoorde: een. twee, honderd, duisend
- Rangtelwoorde: eerste, tweede, agste, honderdste
- **Woorde wat massa, afstand en mate aandui word saam met 'n telwoord altyd as enkelvoud gebruik bv. Twee kilogram, twintig kilometer, ses sentimeter.**
- **Uur en jaar bly enkelvoud saam met 'n telwoord bv. Ons het tien jaar geleer.; Hulle het vyf uur op die hawe gewag.**
- ***UITSONDERING**: die baba is vyf maande oud, sy het twee weke daar gebly; ons was vyftien minute laat.*
- Ure en jare sonder 'n telwoord in meervoud bv. Ons het ure lank geswem; jare gelede was dit my oupa se plaas.
- Kyk na die spelling van die volgende: vier, veertien, veertig, vyf. vyftien, honderd-en-tien, ag, agt of tagtig.

26. **HOMOFONE**

Woorde wat dieselfde klink, maar die spelling en betekenis verskil.
NB.- KLANKE MOET IN ALBEI GEVALLE PLAT OF ROND WEES.
VOORBEELD 1: L<u>UI (RONDE KLANK)</u> EN L<u>Y</u> (PLAT KLANK)IS NIE HOMOFONE NIE, MAAR L<u>Y</u> EN L<u>EI</u> IS WEL.(ALBEI PLAT KLANKE)
VOORBEELD 2: V<u>UU</u>R (RONE KLANK)EN V<u>IE</u>R (PLAT KLANK) IS NIE HOMOFONE NIE,MAAR VIER EN FIER (ALBEI IS PLAT KLANKE) IS WEL.

BYVOORBEELD:
Eis (to claim) - ys (ice)
Ly (to suffer) - lei (lead)
Lood (lead) - loot (twig)
Fier (upright) - vier (four)

27. **HOMONIEME**

Woorde wat dieselfde uitgespreek word en dieselfde gespel word, maar die betekenis verskil.
Saal (hall) saal (saddle)
Gas (guest) gas (gasses)
Meer (more) meer (lake)
Bank (chaoch) bank (bank)